

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**
SA EXAM
PAPERS



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**JUNIE EKSAMEN
GRAAD 12**

2024

**REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)**

TYD: 2 uur

REKENINGKUNDE V2

PUNTE: 150



C2712A

X05



INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies deeglik en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. Toon ALLE berekeninge om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing moet AL die berekeninge tot EEN desimale punt getoon word.
7. 'n Finansiële Aanwyser Formuleblad is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg. Die gebruik van dié formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n gids wanneer die vrae beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Kosterekeningkunde	60	48
2	Voorraad	65	52
3	Vaste Bates	25	20
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: KOSTEREREKENINGKUNDE**(60 punte; 48 minute)****1.1 KONSEPTE**

Kies 'n kostekategorie van KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.4 F.

KOLOM A	KOLOM B
1.1.1 Invoerheffings betaal vir grondstowwe aangekoop	A Fabrieksboekoste
1.1.2 Waardevermindering op toerusting	B Direkte arbeidskoste
1.1.3 Lone aan fabriekswerkers	C Verkoops-en verspreidingskoste
	D Administratiewe koste
	E Direkte materiaalkoste

(3)

1.2 PERFECT EATS

Perfect Eats vervaardig vlekvrystaal eetgerei. Die besigheid vervaardig 'n 24-stuk eetgerei-stel wat uit 6 x messe, 6 x vurke, 6 x eetlepels en 6 x teelepels bestaan.

Die besigheid het 46 300 eetgerei-stelle gedurende die finansiële jaar geproduseer en verkoop. Die finansiële jaar eindig op 31 Maart 2024.

GEVRA:**1.2.1 Verwys na Inligting B.**

Bereken die volgende vir die jaar geëindig 31 Maart 2024:

- Grondstowwe (kg) uitgereik aan die fabriek (2)
- Die totale koste van grondstowwe wat aan die fabriek uitgereik is (3)

1.2.2 Voltooi die Produksiekostestaats vir die jaar geëindig 31 Maart 2024. (15)

1.2.3 Voltooi die Verkorte Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 31 Maart 2024. (13)

1.2.4 Die eienaar is bekommerd oor die grondstowwe wat vermors is gedurende die produksieproses.

- Bereken die totale koste van grondstowwe vermors. (6)
- Gee EEN punt van advies oor hoe die eienaar hierdie verlies kan herwin. (2)

INLIGTING:**A. Voorraad saldo's**

	31 Maart 2024	31 Maart 2023
Goedere-in-bewerking voorraad	?	384 000
Klaarprodukte voorraad	251 000	210 000

B. Grondstowwe:

Rekords van vlekvrystaal gebruik in die produksieproses:

	Totale kilogramme	Totale koste ingesluit vervoer
Saldo op 1 April 2023	6 972 kg	R603 078
Aankope gedurende die jaar	42 000 kg	R3 633 000
Totaal beskikbaar gedurende die jaar	48 972 kg	R4 236 078
Saldo op 31 Maart 2024	9 702 kg	?
Grondstowwe uitgereik aan die fabriek	?	?

- Elke stel benodig 0,84 kilogram vlekvrystaal.
- Die grondstowwe se koste per stel is R72,66.
- Grondstowwe word uitgereik aan die fabriek teen R86,50 per kg.

C. Die boekhouer het die volgende koste vir die finansiële jaar geëindig op 31 Maart 2024 bereken:

Fabrieksbokoste	R1 580 900
Administratiewe koste	R890 700
Verkoop-en verspreidingskoste	R2 145 000

Daar is gevind dat die volgende aansuiwerings nie in berekening gebring is nie:

- Voorsiening vir oninbare skuld moet verhoog met R3 780.
- 'n Faktuur van R76 800 vir die Administratiewe Afdeling is ontvang op 31 Maart 2024. Dit was vir herstelwerk van R2 900 en 'n addisionele kantoor.
- Nuwe stamperse is gedurende die jaar aangekoop. 'n Addisionele versekeringspolis is op 1 November 2023 tot 31 Oktober 2024 vir R18 000 uitgeneem. Dit is geboekstaaf.
- Die maandelikse huur van R19 000 vir Maart 2024 is foutiewelik na die fabriek toegedeel. 75% van die huur word in die fabriek gebruik en die res word gelykop verdeel tussen die Administrasie en Verkoops- en Verspreidingsdepartemente.

- Die fabrieksvoorman het 'n bonus gedurende sy verjaarsdagmaand in Maart 2024 ontvang. Die boekhouer het sy jaarlikse salaris korrek getoon, maar het nie sy bonus gedurende sy verjaarsdagmaand aangedui nie. Sy bonusbesonderhede is soos volg:

Bruto salaris	Aftrekkings		Netto salaris	Bydraes WVF
	LBS	WVF		
?	25%	1%	R17 020	1%

D. Addisionele inligting:

- Die totale primêre koste beloop R3 946 120.
- Die totale koste van klaarprodukte geproduseer beloop R5 604 000.
- Die besigheid gebruik 'n vaste winsopslag van 70% op kosprys.

1.3 CLEAR WATER VERVAARDIGERS



Clear Water Vervaardigers vervaardig swembad chemikalië. Solly Scott is die eienaar van die besigheid. Die finansiële jaar eindig op 31 Mei 2024. *Active Algaecide Treatment* is een van hulle produkte.

GEVRA:

- 1.3.1 Bepaal die totale aantal ekstra eenhede wat vervaardig moet word om die doelwit te bereik om die wins met R75 000 in die volgende finansiële jaar te verhoog. (4)
- 1.3.2 In 2024, het die eienaar Solly doelbewus strategiese besluite oor veranderlike koste gemaak om die besigheid te verbeter. Identifiseer TWEE kostes wat effektief beheer is en 'n positiewe impak op die besigheid het. (6)
- 1.3.3 Die verkoopprijs het met 12,5% verhoog van 2023 na 2024. Verduidelik hoe dit die prestasie van die besigheid beïnvloed het. Haal syfers of berekeninge aan. (4)
- 1.3.4 Verduidelik aan Solly hoekom die vaste koste per eenheid met R1,11 verminder het, terwyl die totale vaste koste met R313 680 toegeneem het. (2)

INLIGTING:

Active Algaecide Treatment	2024		2023	
	TOTAAL	EENHEIDS-KOSTE	TOTAAL	EENHEIDS-KOSTE
Direkte materiaalkoste	R6 435 200	R80,44	R4 464 000	R62,00
Direkte arbeidskoste	R2 240 000	R28,00	R2 448 000	R34,00
Verkoops- en verspreidingskoste	R1 569 600	R19,62	R1 296 000	R18,00
VERANDERLIKE KOSTE	R10 244 800	R128,06	R8 208 000	R114,00
VASTE KOSTE	R3 935 280	R49,19	R3 621 600	R50,30
Verkoopsprys per eenheid	R180,00		R160,00	
Gelykbreekpunt	75 766 eenhede		78 730 eenhede	
Aantal eenhede geproduseer en verkoop	80 000 eenhede		72 000 eenhede	

60

VRAAG 2: VOORRAAD

(65 punte; 52 minute)

2.1 KONSEPTE

Voorsien die korrekte term vir elk van die volgende beskrywings deur uit die lys wat voorsien word, te kies. Skryf slegs die korrekte term langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.5) in jou ANTWOORDBOEK.

Periodieke voorraadstelsel; Eerste-in-eerste-uit; Spesifieke identifikasie; Deurlopende voorraadstelsel; Geweegdegemiddelde-metode

- 2.1.1 Elke verkoopte item word spesifiek geïdentifiseer soos dit op die aankoop faktuur verskyn.
- 2.1.2 Die stelsel vereis rekenaars en strepieskodes.
- 2.1.3 Hierdie metode word verkieslik gebruik om voorraad te waardeer wat 'n beperkte raklewe het.
- 2.1.4 Hierdie metode word gebruik wanneer groot hoeveelhede soortgelyke voorraaditems aangekoop word.
- 2.1.5 Die Handelsvoorraadtekortrekening is nie voltooi nie. Die besigheid sal die vermindering van belasbare inkomste verbeur.

(5)

2.2 LILY SKRYFBEHOEFTES



Lily is die eienaar van 'n besigheid wat skryfbehoeftes en kantoortoerusting verkoop. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2024. Die besigheid maak gebruik van die periodieke voorraadstelsel.

GEVRA:

Verwys na Inligting (A) en beantwoord die volgende vrae rakende sakrekenaars.

- 2.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad deur die eerste-in-eerste-uit (EIEU) voorraadwaardasie metode te gebruik op 29 Februarie 2024. (7)
- 2.2.2 Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. (10)
- 2.2.3 Bereken die persentasie winsopslag bereik in 2024. (5)
- 2.2.4 Lily oorweeg dit om die voorraadwaardasiemetode na die geweegde-gemiddelde-metode te verander. Sy voel dat die metode meer voordelig vir die besigheid sal wees omdat dit 'n hoër koste van verkope tot gevolg sal hê. Die boekhouer adviseer Lily dat hy nie saamstem nie, aangesien dit nie aan die vereistes van AARP voldoen nie.
- Bereken die koste van verkope deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik om haar mening te ondersteun. (5)
 - Gee EEN rede waarom Lily dink dit tot die voordeel van die besigheid sal strek. (2)
 - Gee TWEE redes waarom die boekhouer voel dat daar nie aan die vereistes van AARP voldoen word nie. (4)
- 2.2.5 Lily het besluit om in die volgende finansiële jaar 250 sakrekenaars uit voorraad, aan die plaaslike hoërskool te skenk vir kinders wat dit nie kan bekostig om hulle eie sakrekenaars te koop nie.
- Voorsien TWEE redes hoekom dit voordelig is om die plaaslike skool te ondersteun deur sakrekenaars aan hulle te skenk. (4)

Verwys na Inligting (B) en beantwoord die volgende vrae rakende versnipperaars (shredders).

- 2.2.6 Die spesifieke identifikasie metode word gebruik om die voorraadrekords van versnipperaars by te hou.
- Bereken die waarde van die eindvoorraad van versnipperaars. (5)

REKENINGKUNDE (VRAESTEL 2)

GR12 0624

8

2.2.7 Alhoewel sekuriteitskameras geïnstalleer is, bly die eienaar bekommerd oor moontlike diefstal binne die LX-versnipperaars (5 bladsy, 6,8 mm) produklyn.

- Voorsien 'n berekening om die eienaar se vermoede te bevestig. (5)
- Gee TWEE punte van advies wat Lily kan implementeer om te voorkom dat dit gebeur. (4)

INLIGTING:

A. Voorraadrekords van sakrekenaars:

	Aantal eenhede	Eenheidsprys (R)	Totaal (R)
Saldo op 1 Maart 2023	1 200		120 840
Totale aankope gedurende die jaar:	17 000		2 006 700
Julie 2023	4 500	102,00	459 000
September 2023	4 800	114,00	547 200
November 2023	5 800	125,00	725 000
Januarie 2024	1 900	145,00	275 500
Terugsendings aan verskaffers:			
September 2023	(65)		?
Januarie 2024	(350)		?
Subtotaal	17 785		?
Verkope	?	200	?
Saldo op 29 Februarie 2024	1 654	?	?

- Die vervoerkoste van sakrekenaars is 6% van die eenheidsprys. Hierdie koste is nie by die bogenoemde eenheidsprys ingesluit nie.
- Die besigheid kry nie 'n terugbetaling op vervoerkoste vir terugsendings aan die verskaffers nie.

REKENINGKUNDE (VRAESTEL 2)

GR12 0624

9

B. Voorraadrekords van versnipperaars (shredders):

	LX Versnipperaar (5 bladsye, 6,8 mm)			TP Versnipperaar (12 bladsye, 40 mm)		
	Een- hede	E/ prys (R)	Totaal (R)	Een- hede	E/ prys (R)	Totaal (R)
Saldo op 1 Maart 2023	24		21 600	12		18 000
Aankope:	173		155 700	75		112 500
Augustus 2023	72	900	64 800	25	1 500	37 500
November 2023	55	900	49 500	18	1 500	27 000
Januarie 2024	46	900	41 400	32	1 500	48 000
Saldo op 29 Februarie 2024	21		?	?		?
Verkope	169			78		

- Geen versnipperaars is aan die verskaffers teruggestuur nie.
- Die totale koste sluit vervoerkoste op aankope in.

2.3 PROBLEEMOPLOSSING

Clean Smart Handelaars word besit deur Alex Glue. Hulle verkoop verskeie tipes stofsuiers.

Alle stofsuiers word vanaf die VSA ingevoer en neem 'n minimum 15 werksdae vir goedere om afgelewer te word sodra die bestelling geplaas is.

Jy word voorsien van die inligting rakende elke stofsuier vir die jaar geëindig 31 Mei 2024.

GEVRA:

Identifiseer 'n unieke probleem vir elke produk en verskaf relevante syfers vir elk. Voorsien 'n aanbeveling aan Alex om die geïdentifiseerde probleem van elke produk aan te spreek.

(9)

INLIGTING:

	Outomatiese koordlose stofsuiers	Handstofsuiers	Nat en droog handstofsuiers
Eenhede beskikbaar vir verkope	4 400	5 480	4 470
Sluitingsvoorraad	930	290	470
Eenhede verkoop	3 470	5 190	4 000
Terugsendings deur klante	30	110	49
Voorraadhoudingsperiode (sluitingsvoorraad)	98,7 dae	20,8 dae	43,4 dae
Gemiddelde voorraad omsetsnelheid	3,6 keer	9,9 keer	6,1 keer
% Bruto wins op koste van verkope	80%	70%	80%
Verkoopprys per eenheid	R1 836	R935	R1 275
Totale netto verkope	R6 315 840	R4 749 800	R5 037 525
Kredietverkope	R4 681 800	R2 524 500	R2 805 000
Deposito's van kontant verkope	R1 634 040	R2 225 300	R2 218 500

65

VRAAG 3: BESTUUR VAN VASTE BATES

(25 punte; 20 minute)

Patrick van Wyk is die eienaar van Van Wyk se Vervoerdienste. Die besigheid spesialiseer in die vervoer van grootmaat goedere. Die rekeningkundige periode eindig op 29 Februarie 2024.

GEVRA:

- 3.1 Verwys na die inligting om die ontbrekende syfers/dele wat op die vastebateregister aangedui word, te bereken.
- (i) Die aankoopprys van die Kia-vragmotor (2)
 - (ii) Die waardeverminderingskoers (3)
 - (iii) Bepaal/Bereken die datum van aankoop. (5)
 - (iv) Waardevermindering vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024 (2)
 - (v) Opgehoopte waardevermindering op 29 Februarie 2024 (2)
 - (vi) Boek/Drawaarde op 29 Februarie 2024 (2)
- 3.2 Patrick van Wyk wil weet hoekom dit belangrik is om 'n bateregister vir die besigheid te hê. Gee EEN rede. (1)

**REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)**

GR12 0624

11

- 3.3 Lewer kommentaar oor die gebruik en toestand van die Kia-vragmotor en hoe die besigheid hierdie voertuig behoort te bestuur en hoekom. (2)
- 3.4 Patrick is bekommerd oor die gebruik van die voertuie in die besigheid. 'n Aantal voertuie het oortollige kilometers en is in 'n swak toestand. Patrick is van mening dat die brandstofuitgawe baie hoog is. Verduidelik DRIE interne kontrolemaatreëls om die besigheid se voertuie meer effektief te bestuur. (6)

INLIGTING:

Vaste Bate Register

Van Wyk se Vervoerdienste			Nr. 8
Algemene Grootboekrekening: Voertuie		Datum van aankoop: (iii)	
Item: Kia-vragmotor		Registrasie: DGP 548 GP	
Verskaffer: Reddy Motors		Aankoopprys: (i)	
Waardevermindering metode en koers: (ii)			
Besonderhede van waardevermindering:			
Datum	Waardevermindering	Opgelope waardevermindering	Boekwaarde/ Drawaarde
(iii)	?	?	?
28 Feb 2022	96 000	144 000	176 000
28 Feb 2023	96 000	240 000	80 000
29 Feb 2024	(iv)	(v)	(vi)

Addisionele inligting:

- Die vaste bate register is vir die Kia-vragmotor (DGP 548 GP).
- Die besigheid het die vragmotor 'n paar jaar gelede by Reddy Motors aangekoop.
- Die huidige kilometers van die vragmotor is 232 372 km.
- Die vragmotor se waardevermindering word bereken op die vaste paalement metode.

25

TOTAAL: 150

REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)

GR12 0624

12

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins} \times 100}{\text{Verkope} \quad 1}$	$\frac{\text{Bruto wins} \times 100}{\text{Koste van verkope} \quad 1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting} \times 100}{\text{Verkope} \quad 1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting} \times 100}{\text{Verkope} \quad 1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes} \times 100}{\text{Verkope} \quad 1}$	$\frac{\text{Bedryfswins} \times 100}{\text{Verkope} \quad 1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Nie-bedryfslaste : Aandeelhouersekwhiteit
(Handels & ander ontvangbares + Kontant en kontantekwitvalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad} \times 365}{\text{Koste van verkope} \quad 1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure} \times 365}{\text{Kredietverkope} \quad 1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure} \times 365}{\text{Koste van verkope} \quad 1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting} \times 100}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwhiteit} \quad 1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting} \times 100}{\text{Aantal uitgereikte aandele} \quad 1}$ (*Sien onderstaande nota)
$\frac{\text{Netto wins voor belasting} + \text{rente op lening} \times 100}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwhiteit} + \text{Gemiddelde nie-bedryfslaste} \quad 1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersekwhiteit} \times 100}{\text{Aantal uitgereikte aandele} \quad 1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar} \times 100}{\text{Aantal uitgereikte aandele} \quad 1}$
$\frac{\text{Interim dividende} \times 100}{\text{Aantal uitgereikte aandele} \quad 1}$	$\frac{\text{Finale dividende} \times 100}{\text{Aantal uitgereikte aandele} \quad 1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel} \times 100}{\text{Verdienste per aandeel} \quad 1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar} \times 100}{\text{Netto wins na belasting} \quad 1}$
Totale vaste koste	
Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid	

NOTA:

- * Indien daar 'n verandering in die aantal aandele is gedurende die finansiële jaar, word die geweegde gemiddelde aantal aandele in die praktyk gebruik.